


VOORBIDDING:



Suid-Afrikaners. Droogtegeteisterde gebiede regoor die land en die oordeelkundige bestuur van ons waterbronne.

Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Almal betrokke by kategeese, jeugdiens en groepe. Christo en Ina Dippenaar: hulle dogter, Christelle en haar man, Gabriel, se dogtertjie Aliyah is baie siek - Krabbe disease. Kom ons dra hulle in ons gebede. Om met 'n dankbare ingesteldheid te leef. Studente en skoliere wat nog eksamen skryf. Geestelike vernuwing en groei. Dankbaarheid vir die reën.

Meegevoel: 'n Woord van meegevoel met John Villet (Culemborg) wie se moeder oorlede is. **Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar:** Ansia Beukes (Pennylane), Marié Dreyer (Constantia), Peter Robinson (Repens), Marilyn Swart (Longifolia) en Madelise van Coller (Dorpsig).

ONS KANTOORURE is Ma: 09:00 - 13:00 & Di - Vr: 08:00 - 13:00

Boerewors te koop

Lekkerste boerewors nou te koop by die kerkkantoor teen R46 per 500g.

Teken in op ons E-Nuusbrief.

Gaan na www.stelwel.co.za, kies "kontak ons" en volg die maklike stappe.

GROENgedagte #137 Wêreld Omgewingsdag - 5 Junie 2019

Elke jaar op 5 Junie vier ons Wêreld Omgewingsdag. Hierdie jaar fokus die dag op lugbesoedeling. Kyk na hierdie feit: **Air pollution causes 1 in 9 deaths. It is the most important environmental health risk of our time.**



Lugbesoedeling dra by tot sterftes agv beroerte, longkanker en emfiseem, asook hartaanvalle. Lugbesoedeling veroorsaak klimaatsverandering en het 'n groot impak op die aarde se gesondheid. Daar is baie bronne van lugbesoedeling, waaronder vure om kos gaar te maak, steenkoolkragsentrales, voertuiguitlaatgasse, industriële hooggoonde, veldbrande en sand- en stofstorms. Die probleem is die ergste in stedelike areas met 98 persent groot dorpe en stede wat gebuk gaan onder erge lugbesoedeling in ontwikkelende lande.

Begin somer vandag om die lug wat jy inasem, te waardeer – ry minder en stap meer. Skakel ligte af en moenie onnodig elektrisiteit verbruik nie. Ons kan elkeen 'n verskil maak, al woon ons op 'n dorp met heerlike skoon berglug.

Geroep Gewillig Gestuur

Wêreld: Botswana en Zimbabwe. Oplossing vir konflikte [Palestynse-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur. Gelowiges in Sri Lanka en slagoffers van terreur regoor die wêreld.

RSA & Dorp: Onderwys en Opleiding - universiteite, tegnicons, skole, leerkragte, studente en leerders. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes.

Dwelmafhanglikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.



Sondag 9 Junie 2019

Pinksterfees Nagmaal
Biddag vir Jeug en Kategeese

Koninkrykstyf

Tema	Kinders, en nie meer slawe nie, deur die Gees!
Teks	Romeine 8: 12 - 17
Prediker	Monty Sahn
08:45	Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
09:30	Erediens
09:30	Kleuterkerk en Junior Kategeese: Pannekoeksondag!
10:30	Tee en koffie by ons Koinonia Kafee (leeskamer)
10:30	Kerkbiblioteek (vierkant)
18:00	Jeugdiens: Pannekoek-celebration!

Jaartema:
Dissipels groei saam
nader aan Christus deur die Gees.

Dankbaarheidsmaand

BAIE DANKIE aan elke dienswerker wat gedurende Dankbaarheidsmaand die verspreiding van die koeverte en pamflette behartig het. BAIE DANKIE aan almal wat gegee het tydens Dankbaarheidsmaand en steeds gee. Ons is opreg dankbaar vir al die seëninge wat ons as gemeente ontvang en besef ons groot verantwoordelikheid om hierdie fondse reg te bestuur in 'n gemeenskap waar die nood groot is.

Na baie harde werk van ons kassier, Nina van Niekerk, is die getekende en geouditeerde finansiële state vir die boekjaar geëindig 28 Februarie 2019 ook nou gereed en beskikbaar vir gemeentelide om tydens kantoorure te kom besigtig. Baie dankie Nina!

'n GROOT DANKIE aan almal wat sop en broodjies gebring het vir ons Hemelvaartdiens en Pinksterreeks. Dit was hééééerlik!



Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. Kom geniet 'n lekker koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die leeskamer en kom neem boeke vir die vakansie by die biblioteek in die vierkant uit.

PROGRAM VIR VOLGENDE 3 WEKE: Maandag 10/6 tot Sondag 30/6

Di 11/6	10:00	Laaste Bybelstudie vir die kwartaal by Bonheur.
Wo 12/6	09:00 & 19:00 09:00 - 12:00 10:30	Geloofsgroei Byeenkomste in die konsistorie. (Afsluiting van Vernuwings en laaste Geloofsgroei van die kwartaal). Laaste Marktafel en Kuintafels van die kwartaal. Funksie vir Sonderbriekers in die saal met Daniël Louw.
Vr 14/6		Kerkkantoor gesluit vir die dag Skole sluit
So 16/6	09:30	JEUGDAG Vadersdag & Nasionale dag vir blindes Erediens: Leon Cronje (Triniteitsondag)
Ma 17/6		PUBLIEKE VAKANSIEDAG
So 23/6	09:30	Erediens: Leon Cronje
Ma 24/6		KERKKANTOOR GESLUIT TOT 28 JUNIE 2019
Vr 28/6		Universiteit sluit
Son 30/6	09:30	Erediens: Leon Cronje

Die deuroffer vandag gaan aan die Bybelverspreidingsfonds: Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA) het 'n Bybelverspreidingsfonds wat gemeentes subsidieer wat Bybels tydens 'n uitreik wil versprei. Die fonds betaal slegs vir Bybels – nie vir ander geestelike lektuur of die koste van die uitreik nie. Die fonds het in die afgelope twee jaar onderskeidelik R247 959 en R280 766 se Bybels gekoop wat deur gemeentes versprei is.

Die deuroffer verlede week aan die Internasionale Studentebediening was R1 754.
Baie dankie! Volgende week se deuroffer gaan aan Studentebearbeiding.



Ons Barmhartigheidstema vir Junie is opleiding en Bybelverspreiding

Hierdie maand kan jy warm klere, reënlere en komberse bring wat ons versprei onder die armstes in ons gemeenskap. Sit jou bydrae op die B-Aksie se tafel of in die mandjies by die deure of bring asb na die kerkkantoor. *Die deuroffers gaan aan die Internasionale Studentebediening, Bybelverspreidingsfonds, Studentebearbeiding, die Bybelgenootskap en Hugenote Kollege.*



Herwinning

Papier, boeke en karton vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die ophangdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word. Skoon glasflessies vir konfyt is altyd welkom.



Betaal met SNAPSCAN

(onthou om 'n verwysing in te tik.)

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

KOINONIA

In hierdie kwartaal van Pase, Hemelvaart en Pinkster kyk ons in ons weeklikse Koinonia-gedagte na die verhaal van die Emmausgangers soos ons dit lees in Lukas 24:13-

35. Jesus het saam met die Emmausgangers geloop - seker vir 'n uur of wat. Watter betekenis kon dit vir die twee Emmausgangers gehad het dat 'n vreemdeling met hulle wou saamreis? En toe hulle in die dorp aankom, dring hulle daarop aan dat hierdie vreemdeling by hulle moet tuisgaan – dit is amper nag en dit sou gevaarlik wees om buite te slaap. Hulle is gasvry, soos die samelewingsreëls van daardie tyd eintlik voorgeskryf het. Dit is nie altyd maklik om gasvry te wees nie. Dit kan selfs gevaarlik wees in ons land met al die misdaad. Dink hieroor: Gasvryheid is die vermoë om veral vreemdelinge met grasia te onthaal en te bedien.



Kinderpinkster 2019



So tussendeur die hard leer vir die eksamens, het die kinders elke aand saam kom speel by ons Kinderpinkster. Ons het geleer dat Jesus die Heilige Gees vir ons gestuur het sodat ons nie alleen hoef te wees nie. Ons het ook geleer dat ons die gawes van die Gees moet uitleef elke dag. Ons het saam gesing, saam gespeel, saam *hot chocolate* gedrink en saam koekies versier en geëet. Dankie aan die hoërskoolkinders wat kom help het en dankie aan Tijané Visser wat elke aand gelei het!

Maskers vir Wêreld Omgewingsdag

Kom kyk in die leeskamer na al die kreatiewe maskers wat ons voorskoolse en graad 1 tot 6 kinders verlede Sondag tydens kategeese gemaak het. Dit is deel van 'n wêreldwye masker-uitdaging om die belangrikheid van skoon lug te beklemtoon.



Klub Sonder Brieke

Die Sonderbriekers word herinner aan hul funksie wat Woensdag 12 Junie hier in die kerksaal plaasvind. Daniël Louw gaan gesels oor "Word fluit-fluit oud - die lewenskuns van humor en lag".



- * Tyd: 10:00 vir 10:30
- * Koste: Gratis
- * Tee/koffie en versnaperings sal bedien word.
- * RSVP by die kerkkantoor teen Maandag, 10 Junie.